# A 5.2 BEDRYFSPAN

## 1. SAMESTELLING

Gustav Claassen (Algemene Sekretaris: Voorsitter)
Lourens Bosman (Algemene Bestuurder: Skriba)
Johan Brink (Algemene Taakspan Fondse en Bates - Dagbestuur)
Paul Grobler (Algemene Taakspan Fondse en Bates - Dagbestuur),
Dewyk Ungerer (Algemene Taakspan Regte).
Theo Danzfuss (Algemene Taakspan Regte - tot sy aftrede)

## 2. ONS KYK TERUG

### 2.1 TAAK EN FUNKSIES

Die Bedryfspan is in die lewe geroep om by te dra tot die effektiewe funksionering van die Bydryfsake van die Algemene Sinode.

Die volgende funksioneer as sub-taakspanne by die Bedryfspan:

- Diensverhoudinge kommissie (DVK)
- Eiendom

### 2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

#### 2.2.1 PERSONEEL HERSTRUKTURERING

Die Bedryfspan was, saam met die moderatuur, ten nouste betrokke by herstruktureringsproses van die personeel van die Algemene Sinode. Sien hiervoor die verslag van die Moderatuur(bl ).

#### 2.2.2 BESTUUR VAN DIE BEGROTING EN FINANSIES

Die Bedryfspan is nie ‘n sub-taakspan van die ATFB nie, maar werk ten nouste saam met die ATFB-Dagbestuur in die volgende sake:

- Opstel van die begroting
- Bestuur van die begroting
- Hantering van versoeke wat nie in die begroting val nie.

Die Bedryfspan hanteer ook finansiële aangeleenthede wat deur die Ouditkomitee en Beleggingskomitee verwys word.

#### 2.2.3 STRUWIG TRUST

- Sedert die 2015 vergadering van die Algemene Sinode is die Algemene Sekretaris as trustee aangewys.
- Die Trust bestuur ‘n wildsplaas wat aan die Nasionale Krugerwildtuin grens en is in die gesamentlike besit van die NG Kerk, die Voortrekkers en die Rapportryers.
- Die Voortrekkers het in 2017 besluit om hulle aandeel in die plaas te verkoop en die Bedryfspan keur goed dat dr Gustav Claassen voortgaan met onderhandelinge dat die NG Kerk se aandeel ook verkoop word. Vanweë die testamentêre bepalinge is hierdie egter ‘n ingewikkelde proses wat lank neem.
- Dr Dewyk Ungerer sal behulpsaam wees met die wetlike aspekte van die verkoop van die kerk se aandeel.

#### 2.2.4 DVK (PERSONEELAANGELEENTHEDE)

Die DVK bestaan uit die volgende persone:
Pieter van Rooyen (voorsitter)
Lourens Bosman (skriba)
Francois Retief

Michiel van der Merwe
(Dewyk Ungerer – adviserend)

Die DVK het die volgende sake hanteer:

- Dienskontrakte en taakomskrywings van die al die personeellede is op datum gebring.
- Personeellêers is op datum gebring in ooreenstemming met die opdragte uit die oudit en wetlike vereistes.
- ‘n Eenvormige verlofbeleid in ooreenstemming met die reglement word toegepas.
- ‘n Personeelevaluering vir die junior en senior personeel is ontwerp en in werking gestel.
- ‘n Spanbou met al die personeellede waarin die fokus geval het op die uitklaring van take en rolle in die nuwe personeelbedeling is gehou. Verantwoordelikhede en rapporteringslyne is met die personeel uitgeklaar.
- Interne kontroles ten opsigte van personeelvergoeding is in werkinge gestel.
- ‘n Eenvormige beleid vir die betaling van dertiende tjeks is in werking gestel.
- ‘n Dissiplinêre verhoor is afgehandel.
- Die verdeling van finansiële verantwoordelikhede tussen die Algemene Sinode en ABR ten opsigte van personeelvergoeding is uitgeklaar.

**2.2.5 EIENDOMME**

Die sub-taakspan vir eiendom bestaan uit die volgende persone:
Gustav Claassen
Lourens Bosman
Me Annette van Niekerk (finansiële beampte)

Die volgende sake tov die bestuur van die eiendom word deur die sub-taakspan hanteer met rapportering aan die Bedryfspan.

- Die verhuring van eiendom en kantore.
- Instandhouding van die geboue.
- Op datum hou van die versekering
- Vervanging van bates
- Byhou van ‘n inventaris van die inhoud van die geboue.

**2.2.6 SAKE VAN DIE OUDITKOMITEE**

Die volgende sake is deur die Ouditkomitee na vore gebring en is hanteer met terug rapport aan die Bedryfspan en Ouditkomitee:

- Beleid en prosedures ten opsigte van aankope.
- Beleid ten opsigte van die gebruik van kredietkaarte
- Beleid ten opsigte van die toekenning van selfone.
- ‘n Aantal sake mbt personeellêers en prosedures ten opsigte van personeelvergoeding soos bo by die DVK se werksaamhede aangedui, is hanteer en afgehandel.
- Daar was ‘n groot aantal debiteure in die boeke van die Algemene Sinode maar veral by die ABR. Sommige hiervan was reeds vir baie lank van jaar tot jaar oorgedra. Beleide en prosedures is beskryf wat gevolg moet word by die afskryf van slegte skuld. Hierdie beleide en prosesse word reeds geïmplementeer.
- Die meeste fondse in die boeke van die Algemene Sinode waarop daar geen of min beweging was oor die afgelope jare, is op versoek van die Ouditkomitee en na deeglike oorweging gesluit.
- Die volgende fondse bly wel voortbestaan:
    - Sending fonds – Hierdie fonds word bestuur volgens die beleid vir skenkings en erflatings. Die opbrengs word aangewend vir werksaamhede van die Missionale taakspanne.
    - Buitelandse bediening. Hierdie is fonds wat ons hou vir gedeelde werksaamhede met die NHK en GKSA en word aangewend vir besoeke aan die buiteland.
    - Vroue reserwe. Dit is ‘n toegewysde fonds, behoort in die volgende boekjaar uitgeput te wees.
    - Somalië Rampfonds – Die fonds word opgeneem in ‘n algemene Rampfonds. Hierdie fonds moet uit die verkoop van die Sanlam aandele versterk word tot R150 000.

- Die ABR
- Mediese subsidies emeriti.
- Struwigfonds, tot tyd en wyl die verkoop van die plaas afgehandel is.

**2.2.7 RAMPFONDS**

Die Somalië Rampfonds is gesluit en die fondse daarin is aangewend om ‘n algemene Rampfonds te begin. Daar is behoefte aan ‘n rampfonds waaroor daar vinnig besluite geneem kan word. Sommige sinodes wat deur rampe geteister is, het hulle eie rampfonds begin, maar daar lê baie krag in die gesamentlike getuienis as ramphulp vanuit die Algemene Sinode geadministreer word. Die Algemene Sinode moet by sulke spesifieke geleenthede saadgeld hê om hulp te begin verleen en om fondswerwing aan die gang te kry.

‘n Strategie oor wat ons ten tyde van ‘n ramp doen, is in oorleg met Danie Mouton en Nioma Venter in ‘n dokument vervat. In die geval van ‘n omvangryke ramp is baie groot bedrae nodig en die kerk kan dit nie uit ‘n rampfonds alleen voorsien nie. Wat wel beskikbaar moet wees, is saadgeld om ‘n proses aan die gang te kry. Dit kan nie die taak van die Algemene Sinode wees om op groot skaal by ramphulp betrokke te raak nie. Ons moet dit egter ernstig opneem dat daar ‘n belangrike publieke getuienis gelewer as die Algemene Sinode by rampe betrokke raak wat gemeentes en sinodes kan inspireer om ook betrokke te raak.

Die volgende werkswyse word vasgestel:

- In die geval van ‘n ramp moet ‘n klein taakspan aangewys word bestaande uit die Algemene Sekretaris (sameroeper), die voorsitter van die ATFB en die moderator / voorsitter van die betrokke streeksinode.
- Hierdie span besluit op ‘n strategie
- Die Algemene Sinode stel R150 000 beskikbaar waarmee die werk begin kan word. Hier bedrag word opgemaak uit R68 000 van die ou Somalië rampfonds en die res uit die verkoop van ‘n deel van die Sanlam aandele.
- Ons moet ook leer om met die media te skakel as ons hulp verleen sodat die publieke getuienis gelewer kan word en meer mense betrokke kan raak.

**2.2.8 ONDERSTEUNING AAN TAAKSPANNE**

Die Bedryfspan het nie ’n toesigfunksie oor die inhoudelike werk wat deur die taakspanne gedoen word nie, maar wel oor sake soos kostes, leeftyd/termyn, oorvleueling van werksaamhede en bekostigbaarheid. Op hierdie manier vervul die Bedryfspan sy mandaat om te kyk na die effektiewe volhoubaarheid van die werk van die Algemene Sinode.

- **Predikantesake: Databasis van Predikante**
  ‘n Proses is aan die gang gesit om die databasis van die predikante te sentraliseer en op toepaslike vlakke toeganklik te maak vir persone wat daarmee moet werk. Die databasis is sodanig ontwikkel dat elke sinode dit sal kan gebruik. Verskillende vlakke van toegang word ingeskryf sodat verskillende gebruikers toegang kan kry tot tersaaklike inligting van gemeentes of predikante soos wat hulle dit nodig het. Dit sal ook ‘n vertroulike deel hê waartoe slegs die ABR toegang het. Rossouw Minnaar is gekontrakteer om die databasis te integreer. Die koste vir ontwikkeling is gratis. Die lisensie en bandwydte moet egter maandeliks betaal word. Daar is egter groot besparings ten opsigte van die huidige koste van bandwydte en fooie vir die VBO-punte diensverskaffers.

**2.2.9 KOMMUNIKASIE EN WEBBLAD**

Die Bedryfspan het, in die persoon van Gustav Claassen, met Bybelmedia onderhandel oor die skuif van die Algemene Sinode se webblad. Hierdie proses is afgehandel en ons sien uit na ’n goeie verhouding met BM waarin die virtuele toeganklikheid van die werksaamhede van die Algemene Sinode aansienlik kan verhoog.

## 3 WERKSAAMHEDE IN PROSES

'n Aantal sake rondom die bedryfsake van die Algemene Sinode is nog in proses om gefinaliseer te word:

### 3.1 VOLHOUBAARHEID EN BEKOSTIGBAARHEID VAN DIE WERK VAN DIE AS

Die Bedryfspan oordeel dat daar meer diskresie ten opsigte van die aanwys en saamstel van taakspanne aan die dag gelê sal moet word. Taakspanne het net bestaansreg indien die samestellende sinodes oordeel dat hierdie werksaamheid nodig en relevant is. Hierdie beginsel moet deur die ASM toegepas word.

Die volgende sake ten opsigte van bekostigbaarheid moet aandag kry in die voortgesette funksionering van die Algemene Sinode. Dit gaan oor die samestelling en werkswyse van taakspanne:

- Konsensus oor die fokus en nodigheid van 'n taakspan
- Frekwensie van vergaderings
- Koste-effektiewe vergaderings
- Leeftyd van Taakspanne
- Ad hoc taakspanne wat deur die ASM in die lewe geroep word
- Samestelling van taakspanne – breë verteenwoordiging, diversiteit tov ouderdom en geslag
- Die inkoop van dienste
- Beperking van die aantal taakspanne waarop sinodale verteenwoordigers kan dien.

### 3.2 PERSONE WIE SE TYD DEUR DIE ALGEMENE SINODE UITGEKOOP WORD.

#### 3.2.1 TANS WORD TYD VAN DIE VOLGENDE PERSONE BY HULLE PRIMÊRE WERKGEWERS UITGEKOOP:

Voorsitter van die ASM (25%)
Voorsitter en Skriba van die ATR (10% + 10%)
Navorsing / skriba van ATLAS (25%)
Sosiale Media (10%)

#### 3.2.2 Die DVK versoek dat onduidelikheid oor die volgende sake uitgeklaar word.

- Hoe word bepaal hoeveel tyd en van wie word uitgekoop? Die gewig van die uitkoop van tyd behoort in lyn te wees met die strategie van die Algemene Sinode.
- Watter werk moet gedoen word? Iemand moet getaak word om taakomskrywings op te stel.
- Hoe maak ons seker dat daar nie oorvleueling van take plaasvind tussen persone wie se tyd uitgekoop word en voltydse amptenare is nie?
- Op watter manier word terugvoer gegee oor die werk wat gedoen is?
- Die DVK beveel aan dat die gesamentlike koste van die werk wat uitgekoop word, nie 'n volle pos behoort te oorskry nie en binne die begrotingsraamwerk van beskikbare fondse moet wees.

#### 3.2.3 POSBESKRYWINGS EN KPA'S

Die ASM het Dewyk Ungerer versoek om posbeskrywings en KPA's te skryf vir die volgende funksionarisse:

- Voorsitter van die ASM
- Voorsitter en skriba van die ATR
- Navorsing
- Sosiale Media

#### 3.2.4 VERDERE OPTREDE

Die bedryfspan sal 'n aanbeveling vir die ASM voorberei oor die volgende:

- die hoeveelheid tyd wat van elke funksionaris uitgekoop word.
- die pakket waarteen die uitkoop van tyd bereken word.
- die KPA's vir die funksionaris
- fondse wat beskikbaar gestel word vir die werksaamhede van die funksionaris (reis en verblyf).

- die kontraktering met die primêre werkgewers (gemeentes) van hierdie persone.

Die gewig van die uitkoop van tyd behoort in lyn te wees met die funksies, struktuur en werksaamheid van die Algemene Sinode soos omskryf in die verslag van die Taakspan Kerkverband".

**3.3 PERSONEELVERGOEDING**

Die DVK is in die proses om duidelik en eenvormige 'n beleid vir die vasstel van salarisaanpassings en vergoedingspakkette saam te stel. Hierdie beleid sal in samewerking met die DVK, ATFB-dagbestuur en moderatuur gefinaliseer vanaf die nuwe boekjaar toegepas word.

**3.4 FINANSIËLE BESTUURSPROSESSE**

- 'n Begrotingsproses is opgestel waarin die funksies van die Algemene Bestuurder verreken word. Hierdie proses moet nog verder verfyn word en mandate moet duidelik uitgeklaar word.
- Indien die werkswyse van die Algemene Sinode en ASM verander soos in die verslag van die Taakspan Kerkverband aanbeveel word, sal dit die prosesse rondom begroting ook beïnvloed.
- Prosesse vir die goedkeuring van ekstra fondse wanneer 'n taakspan sy begroting weens onvoorsiene omstandighede oorskry en dit noodsaaklik is dat die werk spoedig afgehandel word, moet gefinaliseer word. Tans moet alle veranderinge aan die begroting deur die ASM goedgekeur word, maar dit mag wees dat daar spoedeisende goedkeuring moet plaasvind.
- Prosesse vir die goedkeuring van die finansiering van nuwe werksaamhede wat deur die ASM aangevra word, moet vasgestel word.

**3.5 GEBOUE INSTANDHOUDING**

'n Aantal groot instandhoudingsprojekte (verf van die geboue, sekuriteitstelsel, watertoevoer en riolering) is in die afgelope termyn gedoen. Die volgende groot werk aan die eiendom is die herstel van die dak van die kerkgebou.

**3.6 VERKOOP VAN SANLAM-AANDELE**

'n Proses is begin om Sanlam-aandele en opgeloopte dividende in die naam van die AKDB te verdeel tussen die KMDR en die Algemene Sinode. 'n Gedeelte van die opbrengs sal aangewend word om die Rampfonds tot R150 000 te versterk. Die Beleggingskomitee het besluit dat die oorblywende aandele na die beleggingsportefeulje van die Algemene Sinode oorgedra sal word.

**3.7 MEDIESE SUBSIDIE NÁ AFTREDE**

Die Algemene Sinode het nog 'n finansiële verpligting ten opsigte van die subsidies van mediese fonds bydraes van 13 persone. 'n Aktuariële berekening van hierdie verpligting is gemaak en daar is met die Beleggingsbestuurders onderhandel om in 'n aparte fonds voorsiening te maak om hierdie verpligting te dek. Dit is nodig dat hierdie fonds nie deel uitmaak van die Algemene Sinode se gewone belegging, maar as 'n aparte verpligting aangetoon word.

## 4. VOORSTEL VIR REGLEMENT WYSIGINGS AAN REGLEMENT 2

## 4.1 AANBEVELING:
## DIE SINODE KEUR DIE GEWYSDE REGLEMENT VIR DIE BEDRYFSPAN GOED.

## REGLEMENT 2
## REGLEMENT VIR DIE BEDRYFSPAN VAN DIE ALGEMENE SINODE

## 1. NAAM

Bedryfspan van die Algemene Sinode (ASB).

## 2. SAMESTELLING

2.1 Die Bedryfspan word deur die ASM saamgestel en bestaan uit:
2.1.1 Die Algemene Sekretaris
2.1.2 Die Algemene Bestuurder
2.1.3 Twee lede van ATFB-lede met sekundi
2.1.4 Een lid van die DVK met 'n sekundus
2.1.5 Een lid van die ATR met sekundus

2.2 Die Bedryfspan koöpteer kundige lede soos nodig.
2.3 Die kantoor van die Algemene Sinode behartig die sekretariaat van die Bedryfspan.
2.4 Die Algemene Sekretaris tree ampshalwe op as voorsitter van die Bedryfspan.
2.5 Vakatures word op aanbeveling van die Taakspan deur die ASM aangevul.

## 3. OPDRAG

Die Bedryfspan se opdrag is:

3.1 die uitvoering van take/opdragte van die Algemene Sinode en die Algemene Sinodale Moderamen aan die Bedryfspan;

3.2 die operasionele bestuur en koördinering van die bedryf en steundienste (administrasie, fondse en bates, regte, diensverhoudinge en kommunikasie) van die Algemene Sinode;

3.4 die verlening van die dag-tot-dag bedryfsondersteuning aan die Taakspanne van die Algemene Sinode;

3.5 die koördinering van die werksaamhede van ondersteuningsdienste.

3.6 die daarstel van ’n kantoor/kantore vir die werk van die Algemene Sinode;

3.7 die vasstel van beleid vir die Algemene Sinode se bedryfsondersteuningsisteem;

3.8 die finalisering van die begroting vir die werksaamhede van die Algemene Sinode in oorleg met die Taakspan Fondse en Bates;

3.9 die aanwys van ’n Sub-taakspan Diensverhoudinge (DVK)
3.9.1 die DVK bestaan uit vier kundige lede en die Algemene Bestuurder (ampshalwe).
3.9.2 die reglement vir die werksaamhede van die subtaakspan Diensverhoudinge word deur die Bedryfspan opgestel.

3.10 Goedkeuring, bewaring, opdatering en liassering van personeelbeleid, diensooreenkomste en personeelrekords op aanbevelings van die subtaakspan Diensverhoudinge

3.11 aanstelling van junior personeel in die kantoor van die Algemene Sinode in ooreenstemming met die personeelbeleid na oorleg met die Taakspan Fondse en Bates en op aanbeveling van die subtaakspan Diensverhoudinge;

3.13 die vasstelling van die jaarlikse registrasiefooi vir gelegitimeerdes met die oog op die behoud van bevoegdheid.

3.14 aanwys van ‘n subtaakspan vir eiendomme wat die dag-tot-dag bestuur en onderhoud van die eiendomme behartig, met verslag aan die Bedryfspan.

## 4. VERGADERINGS

4.1 Die Bedryfspan vergader minstens eenmaal per kwartaal.
4.2 Die Bedryfspan het nie ’n dagbestuur nie.